NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A   Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B   Opsomming (10 punte)
   Afdeling C   Poësie (30 punte)
   Afdeling D   Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Malmesbury se slimste kraai terug

Karel kraai kan praat, blaf en miaau (**deur Sarie Nell**)



***Harry Houdini** (1876–1926) was 'n kulkunstenaar wat onmoontlike toertjies uitgevoer het. Hy kon maklik net van die verhoog wegraak en verdwyn sonder dat iemand weet waar hy is. Hy kon ook uit byna enige situasie ontsnap.

1 As jy in Malmesbury woon en jy sien dalk 'n mak kraai wat kan praat – 'n kraai wat selfs kan miaau of blaf – kan jy gerus jou oë glo. Nie net ontmoet jy Tiaan Vermeulen se **gewoonte-Houdini*** nie, maar dit is ook Malmesbury se slimste kraai. Die 19 maande oue Karel het in die week verdwyn, maar is nou ná 'n groot gesoek deur die gemeenskap terug by die huis. Karel is soos 'n kind in die Vermeulen-huis; hy loop soos 'n hondjie agter Tiaan aan en kan 25 woorde sê.

2 "As kind het ons 'n mak kraai gehad wat weggevlieg en báie trane veroorsaak het," vertel Tiaan, eienaar van *Large Events* in Malmesbury.

3 "Ek het begin lees oor roofvoëls, agtergekom hoe intelligent kraaie is en jare lank vir my vriende gevra hulle moet help soek, want ek wou my eie kraai hê. Toe bring 'n boer vir my twee babakraaie, wat uit hul nes geskop is en ons doop hulle Kekkel en Kraai. Ek het hulle met die mond gevoer, maar ongelukkig is Kekkel later dood. Kraai kry toe 'n nuwe naam: Karel."

4 "Karel gebruik woorde soos 'koppie krap', 'kom sit hier', 'gaan uit!' of 'kom Karel, jy vat dit te ver!' en ongelukkig ook vloekwoorde, want hy maak my soms baie vies," sê Tiaan.

5 "Aanvanklik was ek en my vrou, Jolandi, bang dat Karel en Vlekkie, ons foksterriër, nie lekker sal aanpas nie. Deesdae speel hulle egter heerlik. Karel het, net soos Vlekkie, sy eie hok, maar ons werf is ook syne. Ek moet gereeld sleutels, aanstekers en als wat blink, uit sy nes gaan haal."

6 Karel eet enigiets – van goggas tot mense- en hondekos. "Wanneer ek vir hom wors gee, breek hy dit in ses stukkies – eet slegs een en steek die res weg vir 'n ander dag."

7 Wanneer Tiaan na die koppie buite die dorp toe draf, sit Karel op sy skouer. "Dan vlieg hy sulke ente weg en kom sit weer op my. Ek wou hom graag oplei sodat hy oral kan saamry – na ander dorpe en see toe ook. My vrou en dogters van agt en tien jaar oud sê ek moet hom nie oral saamneem nie, want hulle kan nie hierdie soort stres oor Karel hanteer nie."

IEB Copyright © 2021

8 Tiaan het so ses maande gelede besluit om nie meer Karel se vlerke te knip nie. "Hy moet homself teen katte kan verdedig. Ek wil ook nie sy vryheid van hom wegneem nie."

9 Karel is weer tuis, en deesdae oefen hy en Tiaan gereeld nuwe toertjies. Vroegoggende klim Tiaan en sy vere-vriend teen hul huis se dak uit, waarop Karel dan na die koppie buite die dorp wegvlieg. Dit is dieselfde koppie waarheen Tiaan dikwels voorheen, met Karel op sy skouer, al gedraf het. Daarna vlieg Karel reg rondom Malmesbury, terwyl Tiaan hom met sy verkyker dophou en geduldig wag op Karel se tuiskoms. "Dit neem soms twee ure, maar dan is dit 'n vreeslike blye weersiens! Hy klap daai vlerke behoorlik, hy skree sy wow-wow en ek krap sy koppie."

10 Tiaan beplan 'n "kraaibraai" vir Desember. "Dink net, 'n kuier en braai tussen mense wat deur 'n kraai bymekaar gebring is, mense wat gehelp het om Karel terug te bring huis toe."

[Verwerk uit: *Die Burger*, 13 Februarie 2021]

1.1 Lees paragraaf 1.

1.1.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
Karel, die kraai, is slim omdat hy alleenlik soos 'n mens praat. (1)

1.1.2 Haal **drie opeenvolgende woorde** aan om jou antwoord in Vraag 1.1.1 te motiveer. (1)

1.2 Karel kan dieselfde geluid as 'n hond maak. Watter **ander ooreenkoms** is daar tussen hierdie kraai en 'n hond? (1)

1.3 Hoekom, dink jy, verwys Tiaan na sy kraai as 'n Houdini (reël 3)? (1)

1.4 Lees paragraaf 3.

Noem een **karaktereienskap** van kraaie. (1)

1.5 Wat het Karel ook by Tiaan geleer waaroor Tiaan nie so trots is nie? (1)

1.6 Lees paragraaf 5.

Watter bekommernis het Tiaan en Jolandi gehad toe hulle vir Karel begin grootmaak het? (1)

1.7 Waarom, dink jy, wou Jolandi nie hê Karel moet saam met hulle ry nie? Noem **twee** feite. (2)

1.8 Lees paragraaf 8.

Hoe het Tiaan aanvanklik gekeer dat Karel moontlik kan wegvlieg? (1)

1.9 Hoekom het Karel elke keer na die koppie buite die dorp gevlieg? (1)


1.10 Watter **woord** in paragraaf 9 dui vir ons aan dat Tiaan **nie angstig** word as Karel vir twee ure wegbly nie? (1)

**[12]**


## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – INFOGRAFIEKE

**Bestudeer die onderstaande infografieke en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in jou eie woorde.**

A




B




C




[Bron: *Die Burger*, 12 Januarie 2021]

IEB Copyright © 2021

2.1 Verwys na die eerste grafiese voorstelling (A):

2.1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die getal daaglikse infeksies tussen 1 Mei en 31 Mei het ...

A gedaal.
B gestyg. (1)

2.1.2 Waarom, dink jy, het die regering aan die einde van Mei oorgegaan na vlak 3-beperkings toe? (1)

2.1.3 In watter maand was die getal daaglikse infeksies die hoogste? (1)

2.1.4 Hoekom, dink jy, was die getal infeksies in hierdie maand (jou antwoord in Vraag 2.1.3) so hoog? (1)

2.2 Verwys na die tweede grafiese voorstelling (B):

2.2.1 Watter munisipaliteit het die **derde hoogste** aktiewe Covid-19 gevalle aangeteken? (1)

2.2.2 In watter munisipaliteit staan 'n mens **die minste** kans om met Covid-19 siek te word? (1)

2.2.3 Watter munisipaliteit het die **vierde minste** aktiewe Covid-19 gevalle aangeteken? (1)

2.2.4 Hoekom, dink jy, moet 'n mens die meeste dokters en noodpersoneel na die Drakenstein-munisipaliteit stuur? (1)

2.3 Verwys na die derde grafiese voorstelling (C).

Waarvoor, dink jy, staan die **19** in die woord Covid-19? (1)
**[9]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent. Beantwoord dan die vrae wat volg.**




[Bron: *Die Burger*, 15 April 2020]

3.1 Kyk na die **pa (E)**:

3.1.1 Waarna verwys die man as hy van "tuisonderrig" praat? (1)

3.1.2 Hoe dui sy **liggaamstaal** aan dat hy nie wil hê sy kinders moet hom hoor nie? (1)

3.2 Kyk na die **dogter (A)** en **die seun (B)**:

3.2.1 Watter **visuele teken(s)** is daar dat hulle met mekaar argumenteer? (1)

3.2.2 Hoe dui hulle **gesigsuitdrukkings** dat hulle vir mekaar kwaad is? (1)

3.2.3 Hoe dui hulle **liggaamstaal** dat hulle met mekaar baklei/argumenteer? (1)

3.2.4 Hoe weet ons dat hulle moontlik wiskunde doen? (1)

3.3 Kyk na die **ouer suster (C)**:

Waarmee is sy besig, wat aandui dat sy nie in haar skoolwerk belangstel nie? (1)

3.4 Kyk na die seun op die bank (D):

3.4.1 Hoe wys sy gesigsuitdrukking dat hy slaap? (1)

3.4.2 Hoe weet ons dat hy wel probeer het om sy werk te doen? (1)
**[9]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4 Terugvoer oor werkskadu


Die vyf leerders op die volgende bladsy het gedurende die vakansie by verskillende plekke gewerk om uit te vind of hulle in 'n sekere **beroep** belangstel. Hulle gee terugvoer aan hulle LO-onderwyser oor waar hulle gewerk het en hulle sê ook hoekom hulle dink dat dit die regte of verkeerde beroep vir hulle is.

- Som die vyf leerders se terugvoer puntsgewys in vyf sinne in jou eie woorde op.
- In elke sin moet jy sê **watter besluit** die leerder oor die **beroep** geneem het en ook sê **waarom** hy/sy hierdie besluit geneem het.
- Begin elke sin in jou opsomming met die leerder se naam.
  **Bv. Hamish ...**
- Jou opsomming moet ongeveer 70 woorde lank wees.

**Onthou:**

- Skryf telkens **wat** die vyf leerders besluit het om te doen en maak seker dat jy ook noem **hoekom** die leerder hierdie besluit geneem het.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke sin moet die leerder se **besluit** en **'n rede** daarvoor bevat.
- Elke antwoord mag net een sin bevat. Gebruik voegwoorde om jou sinne te verleng.
- Nommer jou sinne 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

IEB Copyright © 2021

| | |
|---|---|
| **Hamish:** Ek het vir 'n week in Madikwe Wildreservaat gewerk, want ek wil 'n veearts, wat in wilde diere spesialiseer, word. Dit was 'n wonderlike ondervinding. Ek moes help om 'n leeu se wond te versorg. Ons het ook geleer dat ons die natuurlike ekosisteem gebalanseerd moet hou. Ek kan nie wag om by Onderstepoort te begin studeer nie. |  |
| **Saarah:** Ek het my week by ons plaaslike polisiekantoor deurgebring. Sommige dae het ons twaalf uur lank gewerk. Die publiek was oor die algemeen baie ongeskik en aggressief teenoor ons. Dit was vir my 'n baie onaangename ervaring. Ek weet nou ek sal nooit by die Polisiemag aansluit nie. |  |
| **Mila:** Ek het by 'n prokureursfirma in Johannesburg gewerk. Ek het 'n hele klomp hofsake by die hooggeregshof bygewoon waar ek gesien het hoe prokureurs en advokate saamwerk om hulle kliënte by te staan. Advokate speel 'n groter rol in die hof. Ek dink ek wil eerder 'n advokaat word. |  |
| **Daniël:** Ek het 'n week by die Wonderboom Lughawe deurgebring. Ek het begin om vlieglesse te neem. Ek moet met klein vliegtuigies begin, maar my droom is om 'n kaptein in beheer van groot straalvliegtuie te wees. Ek wil dan na elke kontinent vlieg en interessante plekke besoek. |  |
| **Corné:** Ek is so lief daarvoor om dinge te ontwerp. Ek het my werkskadu by 'n argiteksfirma in die stad gedoen. Ek is goed met wiskunde en ek is kreatief. Dit is die regte kombinasie om goeie bouplanne te kan teken. Ek sal graag huise wil ontwerp wat almal kan bekostig. |  |

**10 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**Aandeelhouer** – *Alta Marincowitz*

En die jongeheer?
Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?

No ways Meneer my
interest is nie in finance ek
rate nie baie hoog woorde
soos inflasie resessie aandele die
beurs dra ek in my sak ek
invest my tyd en energy in
sport my muscles is my
bates dit het
effekte op die girls laat
hulle bloeddruk opwaarts neig
my risiko's is matig vir stewige
lopies kyk ek krieket
en anyway who cares wat die
prys
is van koring mielies en
sonneblom

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Lees versreëls 1 tot 4:

5.1.1 Wie, dink jy, is die spreker in versreëls 1 en 2? (1)

5.1.2 Haal **een woord** uit versreël 3 en 4 aan om jou antwoord in Vraag 5.1.1 te motiveer. (1)

5.2 Watter moontlike beroep doen die spreker se pa? (1)

5.3 Verduidelik kortliks wat die woorde hieronder vir die **pa** en die **seun** onderskeidelik beteken.

Teken die tabel hieronder oor in jou eksamenboek.

| **WOORD** | **PA** | **SEUN** |
|---|---|---|
| beurs (versreël 7) | 5.3.1 ... | 5.3.2 ... |
| bates (versreël 10) | 5.3.3 ... | 5.3.4 ... |
| Stewige lopies (versreël 13–14) | 5.3.5 ... | 5.3.6 ... |

(3)

5.4 Hoe verskil die taalgebruik van die spreker in strofe 1 van die taalgebruik van die spreker in strofe 2? (2)

5.5 Verduidelik waarom die woord "prys" (versreël 16) op sy eie staan. (1)

5.6 Waarom kan hierdie gedig as **ironies** beskryf word? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**klein geloof** – *Tanja Joubert*

die kabouter is uit my tuin gesteel
en kersvader kom nooit meer op sy slee
die tandemuis was net my ma
en paddaprinse is amfibieë

Armstrong was die man op die maan
en my melkskommelweg het versuur
drake is dinosourusse
lugkastele is argitektuur

ek het ál my sprokies brand gesteek
Realisme, Feite, Wetenskap:
EK KAN BEWYS!

maar waarom slaap ek met my lig nog aan
stoei met die monsters onder my bed
en waarom bid ek elke dag
dat die Prins op die donkie my moet red?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Lees die titel van die gedig:

Watter **twee moontlike interpretasies** kan daar aan hierdie titel gegee word? (2)

6.2 **Na wie** verwys die "paddaprinse" in versreël 4 **en na wie** verwys die woord "Prins" in versreël 15? (2)

6.3 Kyk na die bou van die gedig:

6.3.1 Wat noem jy 'n strofe wat uit **vier** versreëls bestaan? (1)

6.3.2 Wat noem jy 'n strofe wat uit **drie** versreëls bestaan? (1)

6.3.3 **Benoem** die rymskema in versreëls 5–8. (1)

6.4 Lees strofe 3:

6.4.1 Wat dink jy, bedoel die spreker as sy sê "ek het ál my sprokies brand gesteek" (versreël 9)? (1)

6.4.2 **Hoe** het die spreker al haar "sprokies brand gesteek"? (1)

6.5 Lees strofe 4:

Waarmee sukkel die spreker nog, wat in **kontras** is met haar "wetenskaplike" uitkyk op die lewe? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**komkomper** – *Eckhard Cloete*

'n rekenaar is 'n vreemde ding
dit sluk mense vir dae aaneen

die skerm maak onheilspellende patrone
op hul bekommerde gesigte

maak hulle rûe krommer en krommer
totdat hulle oplaas heeltemal

gehipnotiseer hulself afsluit en
slegs nog met 'n lui hand klik-klik-klik

die kleine skootrekenaars is die ergste
my pa sê dis sy werk en dra

dit saam na koffiewinkels, krieketwedstryde
op ons eetkamertafel het dit 'n ereplek

hy sê volgende jaar kry ek ook een
ek sê ek sou 'n vlieër verkies

tegnologie, my kind, sê hy dan en
gebruik woorde soos vooruitgang en kommunikasie

sonder om sy oë van die skerm af te neem
maar ek, ek hou dinge fyn dop

wanneer niemand kyk nie gaan
ek en my pa se werk bietjie kwaliteittyd saam spandeer

ek het gehoor laptops is mal oor swem

[**Bron:** Nuwe stemme 3, A Krog en A Schaffer]

7.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

In versreël 2 kry ons 'n voorbeeld van ...

A klanknabootsing.
B personifikasie.
C 'n metafoor.
D 'n vergelyking. (1)

7.2 Wat word 'n strofe genoem wat net **twee versreëls** bevat? (1)

IEB Copyright © 2021

7.3 Lees versreël 5.

Waarom, dink jy, word die woord **krommer** herhaal? (1)

7.4 Haal 'n voorbeeld van **klanknabootsing** aan. (1)

7.5 Watter **tegniek** gebruik die digter om strofe 5 en strofe 6 aan mekaar te verbind? (1)

7.6 Hoe weet ons dat die spreker se pa se skootrekenaar vir hom belangrik is? Noem **twee** bewyse. Jy mag nie aanhaal nie. (2)

7.7 Wat sal die spreker eerder wil hê as om 'n skootrekenaar te kry? (1)

7.8 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit strofe 8 aan. (1)

7.9 Waarom is dit **ironies** dat die spreker se pa woorde soos **kommunikasie** (versreël 16) gebruik wanneer hy met sy seun praat? (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die prent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.**



[Bron: <//https.images.google.com>]

8.1 Andile wil sy kos eet, maar hy luister eers na Bongi se grappie.

**Alhoewel** ... (1)

8.2 Bongi ontmoet elke Vrydag sy vriende vir middagete.

**Bongi hoef** ... (1)

8.3 Andile het 'n grappie om vir die groep te vertel.

**Volgende keer** ... (1)

8.4 Het hulle al by hierdie restaurant middagete geëet?

**Nee,** ... (1)

8.5 Hulle wag voor die restaurant; dan gaan hulle saam in.

**Verlede week** ... (1)

8.6 Helen vra: "Andile, gee vir my die sout aan?"

**Helen vra vir Andile om** ... (1)

IEB Copyright © 2021

8.7 Shafiek is versadig, want hy het 'n groot ontbyt geëet.

**Shafiek is versadig omdat** ... (1)

8.8 Die hele restaurant word elke oggend deur die kelners skoongemaak.

**Die kelners** ... (1)

8.9 Al die mense moet teen vieruur uit die restaurant wees.

**Al die mense behoort** ... (1)

8.10 Almal het saam gewerk, daarom was hulle nie ongemaklik nie.

**Op die oomblik**... (1)

8.11 Die kos in die restaurant is duur, maar dit is baie lekker.

**Al** ... (1)

8.12 Shafiek vra: "Wanneer moet ons terug by die werk wees?"

**Shafiek vra** ... (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.**



[Bron: <//https.images.google.com>]

Baie mense in **9.1 (SA – skryf die afkorting uit)** hou daarvan om **9.2 (oor/in – kies die korrekte voorsetsel)** naweke buite in die **9.3 (garden – gee die korrekte Afrikaanse woord)** te braai. Daar is baie **9.4 (pa en ma – gee die meervoud)** wat verkies om kwaliteit tyd so met hulle kinders te spandeer. Dit is nie moontlik om **9.5 (elke dag – gee een woord)** te braai nie; daarom is dit 'n **9.6 (spesiaal – gee die korrekte vorm van die woord)** geleentheid vir die hele gesin om bymekaar te kom. Ma gebruik altyd 'n wit **9.7 (tafel doek/tafeldoek – kies die korrekte woord)** om oor die tafel te sit. Sy plaas die messe, **9.8 (vurke – gee die verkleinvorm)** en borde op die tafel. Pa is in beheer van die braai, **9.9 (m.a.w. – skryf die afkorting uit)** hy sal seker maak dat elkeen se vleis korrek gaar gemaak is. Ma sal die **9.10 (kook – gee die verlede deelwoord)** kos van die kombuis bring en dit **9.11 (.... – vul die korrekte voorsetsel in)** die tafel sit. Pa maak gewoonlik drie

stukkies vleis vir elkeen. Dit **9.12 (beteken/bedoel – kies die korrekte woord)** dat hy dus **9.13 (12 – skryf in woorde uit)** stukkies vleis altesame moet braai. Terwyl almal besig is, sit die **9.14 (jong – gee die intensiewe vorm)** seun en luister na die **9.15 (sing – gee die teenwoordige deelwoord)** voëls, wat in die bome hulle neste gemaak het. Almal gaan **9.16 (kortliks/binnekort – kies die korrekte woord)** hulle kos opskep en gesellig om die groot tafel kuier.

**[8]**


**VRAAG 10**

**BLAAI ASSEBLIEF OM**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf telkens die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke sin se woordtelling neer.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.




[Bron: <//https.images.google.com>]

10.1 Die persoon op die bus **(A)** is **ongeduldig** omdat die bus so lank stilhou en hy haastig is. Wat sê hy vir die mense buite die bus? Gee ook 'n rede waarom hy so haastig is. Skryf neer wat hy sê. (2)

10.2 Die vrou **(B) vra beleefd** vir die busbestuurder om vir die man in die bus **(A)** te sê om nie op die mense buite te skree nie. Sy gee ook 'n rede waarom die persoon **(A)** nie op hulle moet skree nie. Skryf neer wat sy vir die busbestuurder sê. (2)

10.3 Die vrou **(C)** is **kwaad** en jaag almal aan. Sy wil net so vinnig moontlik op die bus kom. Sy gee ook 'n rede hoekom sy by haar sitplek wil uitkom. Skryf neer wat sy sê. (2)

10.4 Persoon **(D) sê vriendelik** dat die vrou **(E)** vóór hom op die bus mag klim. Hy gee ook 'n rede waarom hy die voorstel maak. Skryf neer wat hy vir die vrou sê. (2)

10.5 Die ouer vrou **(E) bedank** die jong man **(D)** en sy sê ook vir hom hoekom sy die man se aanbod aanvaar om voor hom op die bus te klim. Skryf neer wat sy vir die man sê. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021